

13 Mei

Dink aan jou Skepper

Skrifgedeelte: Prediker 12
Fokusgedeelte: Prediker 12:1-8

In Prediker 12 vertel die Bybel ons van *oud word en sterwe*. As jy oud word, dan word jou liggaam afgetakel – jy kan nie meer goed sien, hoor en loop nie. Jou hare word wit, jou hande bewering en jou spiere swak. Dan kom die dood.

In beeldende taal beskryf die Prediker hierdie agteruitgang in die gevorderde jare op uiters realistiese wyse. Die ouderdom is soos die onplesierige, droefgeestige Palestynse winter, sonder son, met sombere daglig en donker nagte. Hierdie donkerheid is 'n beeld van die ouderdom, dae van duisternis wat vir almal, ook vir die gelowige, aanbreek.

Dink daarom aan jou Skepper terwyl jy jonk is, met ander woorde: glo in Hom, eer Hom en vrees Hom. Jy moet Hom met jou hele hart liefhê. Moet nie daarmee wag tot in die ouderdom nie. Dink aan Hom van die begin af, want wanneer die ouderdom kom, breek moeilike tye aan:

- tye wanneer die vreugde van sig uitgedoof word;
- liggaamskragte stadig maar seker minder word; en
- eensaamheid jou soms verteer.

Al hierdie ouderdomsgebreke verskyn, want – en dan noem die Prediker die onafwendbare – die mens gaan na sy ewige huis, hy sterf.

Wanneer moet ek aan my Skepper dink? As ek jonk is, voordat ek oud word en voordat ek sterf. Dit is egter nooit te laat om aan Hom te dink nie, in Hom te glo nie.

Dink daarom aan jou Skepper, want - in die lig van die tevergeefsheid van die lewe, en die pynigende aftakeling van die ouderdom en die dood wat wag, is Hy jou enigste hoop. Jesus Christus het vir jou sondes betaal. Hy het ook die straf op die sonde (die dood) op Hom geneem. Hy het die angel daaruit verwyder. Die dood het sy verskrikking verloor. In 'n sekere sin lê die dood vir die Christen nie voor nie maar reeds agter hom. Anders as vir die ongelowige bejaarde, wat in voortdurende vrees vir die dood lewe, word die gelowige se bestaan deur “die Lewe” beheers.

Lewe daarom in 'n lewende verhouding met God, dan sal jou sterwe inderdaad - soos vir Paulus – 'n wins wees. Dink aan jou Skepper sodat jy nie hierdie heerlike perspektief op die nuwe aarde verloor nie (Openb. 22:21).

Sing: Skrifberyming 45:1 (1936-beryming)

Ds. Kobus Venter (Vryburg)